

KONINKRYK.

LES 21

1 GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2 UITWISSELING (20 minute)

[STILTETYE]
PSALM 31, 32, 33 en 34

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Psalm 31, 32, 33 en 34). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3 MEMORISERING (5 minute **[SLEUTELVERSE IN ROMEINE]** **(8) ROMEINE 5:3-4**)

Repeteer twee aan twee:

(8) Romeine 5:3-4. En dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry , want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop.

4 ONDERRIG (85 minute) **[DIE GELYKENISSE VAN JESUS]** **DIE VOORSTE PLEKKE en DIE FARISEËR EN DIE TOLLENAAR**

**“Die gelykenis van die voorste plekke in Lukas 14:8-11
en “die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar in Lukas 18:8-11 is gelykenisse oor
NEDERIGHEID IN DIE KONINKRYK VAN GOD.**

“n Gelykenis” is ’n aardse verhaal met ’n hemelse betekenis. Dit is ’n lewensgetroue verhaal of ’n illustrasie wat ontwerp is om ’n geestelike waarheid te leer. Jesus het gebruik gemaak van die gewone dinge en alledaagse gebeurtenisse om lig te werp op die geheimenisse van die Koninkryk van God en om mense te konfronteer met die werklikhede van hul situasie en die noodsaak van hul verandering.

Ons bestudeer hierdie gelykenis m.b.v. die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse (Sien handleiding 9, supplement 1).

A. DIE GELYKENIS VAN DIE VOORSTE PLEKKE

Lees Lukas 14:1-14.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Inleiding. Die gelykenis word in figuurlike taal vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

Bespreek. Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Hierdie gelykenis is in die vorm van ’n vermaning.

Die voorste plekke. Elke land of volk het sy eie reëls vir etiket. Die reëls vir ’n banket tydens ’n bruilof in Israel was streng. Terwyl ’n gewone huis maar één tafel gehad het, was daar meerdere tafels in ’n bruilofsaal, afhanklik van die aantal gaste. In daardie dae het die mense nie op stoele gesit nie, maar op lae banke rondom lae tafels gelê. Daar was drie banke in ’n U-vorm rondom elke tafel. Op elke bank het drie mense op hul linker elmboog gelê, met hul hoof na die tafel en hul voete het oor die agterkant gehang. Hulle het hul regterhand gebruik om te eet. Elk van hierdie nege plekke om die tafel het ’n bepaalde ereplek verteenwoordig, ’n bepaalde rangorde van belangrikheid.

Volgens ’n Joodse geleerde was die plekke as volg gerangskik: Van die bo-kant van die linker been van die U-vorm na die bokant van die regterbeen van die U-vorm: links: nommer 5, 4, 6; middel: nommer 2, 1, 3; en regs: nommer 8, 7, 9. Maar omdat ’n gas wat spesiaal geëer word aan jou regterhand moes plaasneem (Johannes 1:18; 13:23-25), sou die volgorde miskien die volgende moet wees: links: nommers 9, 7, 8, middel: nommers 3, 1, 2, regs: nommer 6, 4, 5. Wat

belangrik is, is dat daar 'n vasgestelde rangorde van belangrikheid was en elke gas 'n bepaalde plek toegewys gekry het. In die denke van mense in Israel was plekke nommer 1, 2 en 3 natuurlik die voorste plekke of ereplekke.

Die toewysing van die plekke. Die gasheer was meestal die eienaar van die huis en hy het die plekke vir die gaste aangewys. Jesus het die volgende vermaning uitgespreek: “As iemand jou na 'n bruilof toe uitnooi, moet jy nie sommer op die voorste plek gaan sit nie. Dit kan net wees dat die gasheer iemand uitgenooi het wat belangriker is as jy.” Die eerste deel van die gelykenis stel 'n man voor wat op die voorste plek gaan aanlê het. Toe die gasheer dit opmerk, het hy die man gevra om agtertoe te gaan aanlê. En as hy op een van die agterste plekke aangelê het, sou die gasheer hom kon vra om hoër op te kom aanlê. So word hy in die oë van al die gaste geëer!

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Inleiding. Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* (rede) om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Lukas 14:1-7.

Die belangrike maaltyd op die Sabbat. Jesus het dikwels by Fariseërs geëet (Lukas 7:36; 11:37; 14:1). Hierdie slag was hy uitgenooi om aan die belangrike maaltyd op die Sabbat deel te neem. Op grond van die strikte reëls van die Fariseërs vir die Sabbat, was al die voorbereidings al die vorige dag uitgevoer. Ons weet nie hoekom Jesus uitgenooi was nie, maar die Bybel sê dat die Jode Hom noukeurig dop gehou het. Miskien was hulle doel om Jesus saam met ander Fariseërs en Skrifgeleerdes uit te nooi om te kyk of hulle 'n aanklag teen Hom kon vind. Miskien het hulle die man wat aan water gely het by Jesus gebring om te sien of Hy hom op die Sabbat sou genees (iets wat op die Sabbat verbode was). In daardie dae was dit nie ongewoon vir mense om ongenodig in te loop nie (Lukas 7:37-38).

Jesus het eers gevra, “Is dit geoorloof om iemand op die Sabbat gesond te maak?” *Niemand wou hierop 'n antwoord gee nie.* Daarom het Jesus die man genees en weggestuur. Toe vra Hy aan die fariseërs en Skrifgeleerdes, “Sê nou 'n seun of 'n bees van een van julle val in 'n put, sal hy hom nie dadelik uithaal nie, al is dit op 'n Sabbatdag?” *Hulle kon daar niks op antwoord nie,* omdat niemand bereid was om te erken dat hy verkeerd was!

Die onbetaamlike gebaklei om op die voorste plekke te gaan sit (lê). Nadat Jesus die siek man genees het, het die gaste rondom die tafels plekke ingeneem. Hulle het nie gewag op die aanwysing van die gasheer nie, maar het gebaklei vir die beste plekke! Dit was beslis 'n oortreding van die juiste tafel etiket! Op hierdie punt het Jesus die gelykenis vertel.

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Lukas 14:8-10.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Lukas 14:11.

Jesus het geleer, “Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word, en elkeen wat nederig is, sal verhoog word.”

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Inleiding. Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in 'n gelykenis noodsaaklik 'n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van 'n gelykenis versterk die sentrale gedagte, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van 'n gelykenis 'n geestelike betekenis toeskryf nie!

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

Aantekeninge.

Jesus het geen detail uitgelê nie.

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitlê of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitlê. *'n Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die voorste plekke in Lukas 14:8-11 is 'n gelykenis oor een “nederigheid in die koninkryk van God”.

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende. “Elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en elkeen wat homself verneder, sal verhoog word.”

Nederigheid is één van die fundamentele kenmerke van die Koninkryk van God! In die verband van hierdie gelykenis sien ons dat Jesus Christus nederig is. Hy is bereid om hom te assosieer met mense wat dikwels deur ander as vyande beskou word. Filippense 2:5-11 leer dat Jesus Christus homself verneder het deur as iemand wat die goddelike natuur besit ook die menslike natuur daarby aan te neem. En Hy het homself verder verneder deur onder alle mens die gestalte van 'n slaaf aan te neem. En hy het homself nog verder verneder deur gehoorsaam te word tot in die dood aan die kruis.

Daarom volg burgers in die Koninkryk van God in die voetspore van Jesus Christus en verneder hulleself. Hulle baklei nie vir die voorste plekke nie, maar ag in nederigheid ander mense hoër as hulleself (Filippense 2:3-4). In die toepassing van hierdie gelykenis leer Jesus dat hoogmoedige mense verneder sal word en nederige mense verhoog sal word.

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Inleiding. Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

Aantekeninge.

Die hoogmoed van Nebukadnesar. Lees Daniël 4:29-37. Koning Nebukadnesar was in sy dae die magtigste koning op die aarde. Hy het oor 'n groot wêreld ryk geheers en het groot prestasies gelewer. Maar toe het hy hoogmoedig geword en begin dink dat hy die koninkryk van Babilon in sy eie krag opgebou het. Toe het God ingetree en hom verneder tot die bestaan van 'n bees in die veld. “Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word!” Jare later, toe hy god verheerlik het en geëer het, het God sy verstand, en troon herstel, sodat hy nog groter geword het dan voorheen. “Elkeen wat nederig is, sal verhoog word!”

Die hoogmoed van Herodus. Lees Handeling 12:21-23. Koning Herodus was nie 'n belangrike of groot koning in sy tyd nie. En tog het hy hom gedra asof hy 'n belangrike en groot koning was. Toe mense begin sê het dat hy soos 'n god spreek, het hy die God van die Bybel nie die eer gegee nie. Onmiddellik het 'n engel van die Here hom getref sodat hy deur wurms opgevrete geword het en gesterf het. “Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word!”

Die nederigheid van Paulus. Lees 1 Korintiërs 15:9-10; 2 Korintiërs 12:9-12; Efesiërs 3:7-9; 1 Timoteüs 1:15-16. Die apostel Paulus het homself beskou as “die geringste van die apostels, “die geringste van al die gelowiges”, “die grootste sondaar” en selfs as “niks” (2 Korintiërs 12:11). Hy het hom telkensweer verneder (Galasiërs 2:20; 6:14). En tog het die genade van God sy lewe vergroot. Die genade van God het gemaak dat hy harder as ander apostels gewerk het (1 Korintiërs 15:10). Dus, ongeag watter posisie 'n mens beklee, word nederigheid uitgedruk in die houding van jou hart, in die manier waarop jy oor jouself en ander dink en spreek, en in die manier waarop jy met ander mense omgaan.

Hoogmoed en nederigheid in die Ou Testament. Lees Spreuke 25:6-7; 26:12; Jesaja 2:6-22; 14:12-15; 57:15. Die Ou Testament het baie gedeeltes waarin ook die noodsaak van nederigheid onder die burgers van die Koninkryk gepraat word. Miskien het Jesus wel Spreuke 25:6-7 in gedagte gehad toe Hy hierdie gelykenis vertel het, “Moet jou nie vernaam aanstel by die koning en op die plek vir hoër mense gaan staan nie. Dit is beter as hy vir jou sê: Kom op hiernatoe!” as dat hy jou laat plek maak vir die vername mense.” Spreuke 26:12 sê: “Jy sien self: vir iemand wat dink hy het die wysheid in pags, is daar minder hoop as vir 'n dwaas.”

Jesaja 14:12-15 beskryf die val van die koning van Babilon in terme van die val van die satan. Altwee wou soos God wees en altwee het as gevolg van hul hoogmoed geval. Jesaja 57:15 leer dat die HERE “Hy wat hoog en verhewe is, Hy wat ewig leef en wie se Naam die Heilige is: Ek woon in 'n hoër en heilige plek (d.w.s. in die hemelse tempel) en Ek is by hom wat verdruk en nederig is. Ek gee nuwe krag aan die nederiges, Ek gee nuwe krag aan die verdruktes!” En Jesaja 2:6-22 waarsku dat op die Dag van die HERE, d.w.s., op die laaste oordeelsdag by die wederkoms van Jesus Christus, “die hoogmoediges verneder sal word, die selfversekerdes tot 'n val sal kom Op dié dag sal net die Here hoog wees!” Dus, nederigheid word uitgedruk in jou selfbeeld, jou houding, spreke en gedrag.

Hoogmoed en nederigheid in die Nuwe Testament. Lees Matteus 18:4; 20:25-28; 23:8-12; Lukas 22:27; Johannes 13:1-15; Filippense 2:1-8; Jakobus 4:6; 1 Petrus 5:5-6. Die Nuwe Testament het baie gedeeltes waarin die noodsaak van nederigheid vir die burgers van die Koninkryk van God geleer word. Matteus 18:4 sê, “Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel!” Matteus 20:25-28 sê dat terwyl die leiers in die wêreld heerskappy voer oor die volke en gesag uitoefen oor hulle onderdane, die leiers in die Christelike Gemeente (Kerk) dienare moet wees van die mense wat aan hulle sorg toevertrou is. Matteus 23:8-12 sê dat terwyl die Fariseërs en Skrifgeleerdes daarvan hou om “rabbi” (meester), “vader” of “leraar” genoem te word, Christene moet verkies om “broeder” en “dienaar” genoem te word. In Lukas 22:27 sê Jesus, “Ek is in julle kring soos die een wat dien!” En 1 Petrus 5:5 waarsku dat “God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade”. Dus, nederigheid word uitgedruk in posisies van leierskap deur nie oor mense die baas te speel nie, maar hulle te dien met die talente en geestesgawes wat God aan elkeen gee.

Omgaan met onbevoorregte mense. ’n Fundamenteel kenmerk van die Koninkryk van God is die gasvryheid van sy burgers (Romeine 12:13).

Lees Lukas 14:12-14; Matteus 25:34-40. Jesus het nie alleen ’n les vir die genooide gaste nie, maar ook vir die gasheer. Hy sê, “As jy in die middag of in die aand ’n maaltyd gee, moet dan nie jou vriende of broers of familie of ryk bure uitnooi sodat hulle jou waarskynlik ook weer uitnooi en jou op dié manier vergoed nie. Nee, as jy ’n feesmaal gee, nooi dan die armes, kreupeles, verlamdes en blindes. Jy kan jou gelukkig ag dat hulle niks het om jou mee te vergoed nie, want god sal jou vergoed by die opstanding van die wat reg gedoen het.” Jesus leer dat dit heel belangrik is hoe burgers van die Koninkryk omgaan met die onbevoorregte mense in hul gemeenskap! Wat gebeur daar met die res van die gemeenskap as die ryk mense alleen omgaan met ander ryk mense, die geleerdes alleen omgaan met ander geleerdes, en die invloedryke mense alleen omgaan met ander invloedryke mense?

’n Ander kenmerk van die ware burgers van die Koninkryk van God is hul sigbare liefde vir hulle broers en susters wat tot die onbevoorregte mense in die maatskappy behoort, ongeag waar hulle in die wêreld woon (Matteus 25:34-40).

Dus, nederigheid word uitgedruk deur:

- gasvryheid aan almal te beoefen (Romeine 12:13).
- om te gaan met die onbevoorregte mense in die wêreld (Lukas 14:12-14)
- sigbare liefde te toon aan onbevoorregte Christene (Matteus 25:34-40)

B. DIE GELYKENIS VAN DIE FARISEËR EN DIE TOLLENAAR

Lees Lukas 18:9-14.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Bespreek. Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Die twee manne. Die tempel was die plek waar allerlei godsdienstige aktiwiteite plaasgevind het. Daar was openbare godsdienstige byeenkomste. Enkelinge het hulle offerandes gebring en het gekom om te bid. Onder die Jode was dit die gewoonte om drie maal elke dag te bid (Daniël 6:10). Waarskynlik het die manne op die gereëde tyd van gebed in die tempel kom bid.

Die Fariseërs word beskou as vrome mense en hulle het hulself as vroom (baie godsdienstig) beskou. Hulle het graag gebid waar ander mense hulle kon sien bid (Matteus 6:5; Lukas 20:47).

Die tollenaars is beskou as hebsugtige mense, mense wat ander afpers en verraai. Die belastingstelsel in Israel het as volg gewerk: Die Romeinse owerheid het die reg om belastinggeld in te samel verkoop aan ’n aantal Jode wat baie geld daarvoor betaal het. Hulle mog dan belastinge hef op goedere wat in- en uitgevoer word of wat van een plek na ’n ander plek vervoer word. Die belangrikste belastingkantore was in Sesarea, Kapernaum en Jerigo gevestig. Hierdie Jode het sogenaamde “oppertollenaars” soos Saggeus (Lukas 19:2) in diens geneem wat op hulle beurt weer kleiner tollenaars soos Levi (Lukas 5:27) in diens geneem het om die tol te in. Die tollenaars het geprobeer om soveel as moontlik geld te in. Dit het oor aansienlike bedrae gegaan. Daarom het die tollenaars ’n slegte reputasie as afpersers gehad. As die tollenaars Jode was, dan is hulle ook as landsverraaiers beskou omdat hulle met die buitelandse onderdrukker saamgewerk het. Natuurlik het die Romeinse regering hierdie belastingssamptenare beskerm.

Die twee gebede. Die Fariseër het voor gestaan waar almal hom kon sien bid. Hy het met opgehewe hande gestaan en bid wat die gewone manier was om te bid (1 Timoteus 2:8). Uiterlik het hy tot God gebid, maar innerlik het hy met homself gepraat. In sy gebed het hy homself gelukkig gewens dat hy nie so was soos ander mense nie. Hy het homself vergelyk, nie met vrome mense soos Samuël en Dawid nie, maar met slegte mense soos die tollenaar.

Die eerste helfte van sy gebed het bestaan uit *negatiewe*. Hy het beweer dat hy *nie* ’n rower was nie, *nie* ’n onregverdige (bedrieërs) was nie, *nie* ’n owerspeler was nie. En toe hy die tollenaar sien staan het, het hy ook gesê dat hy *nie* soos daardie tollenaar was nie! Die tweede helfte van sy gebed het uit positiewe bestaan, ’n trotse opsomming van al sy goeie werke. Hy het nie eenmaal per jaar gevas soos Leviticus 16:29-31 leer nie, maar twee keer in die week (Lukas 18:12)! Hy het nie net één tiende van sy oes gegee soos Deuteronomium 14:22-23 vereis nie, maar selfs wat nie geëis was nie, een tiende van die kruisement, anys en elke soort kruie (Lukas 11:42). Nêrens in sy gebed was daar berou oor sonde of ’n versoek om vergewing nie. Hy het sy gebede gebruik as ’n middel om aan ander mense te verkondig hoe goed hy was. Hy het niks van God gevra nie – en daarom ook niks van God ontvang nie (Jakobus 4:2)!

In teenstelling tot hom het die tollenaar ver van die tempel bly staan. Hy het selfs sy oë nie na die hemel opgeslaan nie, omdat hy hom vir sy sondige lewe geskaam het. Hy het bedroef op sy bors geslaan as teken van selfbeskuldiging en wanhoop. Hy het homself nie met iemand vergelyk nie, maar gebid dat God vir hom, ’n sondaar, genadig sou wees! Sy gebed het alleen bestaan uit ’n belydenis van sonde en ’n pleidooi om vergewing. Hy was diep bewus van sy sondeskuld voor God en sy intense verlange na vergewing. Hy het gehonger en gedors na die geregtigheid, d.w.s., dat God se regverdige toorn teen sy sonde weggeneem sou word en dat hy weer God se guns mog ervaar.

Die twee resultate. Die Fariseër het huis toe gegaan sonder dat enigiets verander het! Hy kon maar beter by die huis gebly het!

Maar die tollenaar het huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is. “Geregverdig” beteken dat God die geregtigheid van Christus aan hom toegereken het en hom voortaan as volkome geregverdig beskou en behandel. God het hom heeltemal vergewe en aanvaar!

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

(1) De aanleiding van die gelykenis staan in Lukas 18:9.

“Met die oog op mense wat seker was dat hulle eie saak met God reg is en wat op ander neergesien het, het Jesus hierdie gelykenis vertel.” Waarskynlik het Jesus hierdie gelykenis aan ’n groep Fariseërs vertel (Lukas 16:15; Johannes 7:48-49). Hulle het gedink dat hulle saak met die Here reg was (letterlik: dat hulle geregverdig was). Hulle het glad nie gehonger en gedors na wat reg is nie (Matteus 5:6)! Hulle het geen behoefte aan ’n “dokter” gehad nie (Lukas 5:31-32). Hulle het nie lus gehad om hulle te bekeer nie en vergewe te word nie. “Die Fariseërs en die wetgeleerdes het die bedoeling (letterlik: raadsbesluit) van God verwerp” (Lukas 7:30), d.w.s., die bedoeling dat mense hulle moet bekeer van hul sondes en vergewing vir hulle sondes ontvang!

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Lukas 18:10-13.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Lukas 18:14.

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Onderrig. Jesus het geen detail in hierdie gelykenis uitgelê nie.

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar in Lukas 18:9-14 is ‘n gelykenis oor “nederigheid in die Koninkryk van God”.

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en elkeen wat homself verneder, sal verhoog word.”

Nederigheid is één van die fundamentele kenmerke van die Koninkryk van God. Die ware burgers van God se Koninkryk het geen trots of eiegeregtige houding nie, maar eerder ’n realistiese selfkennis en ’n opregte erkenning dat hulle God se genade en vergewing nodig het. Hulle druk hul nederigheid uit deur hulle sondes te bely. En God druk sy goedkeuring uit deur hulle sondes te vergewe, d.w.s., deur hulle in sy oë volkome te geregverdig (vry e spreek). Mense at hul trots en eiegeregtigheid opgee deur hul sondes aan God te bely, sal ervaar dat God hulle heeltemal vergewe het!

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

Aantekeninge.

Psalm 14:1-3. selfs in die Ou Testament is niemand in die oë van God “geregverdig” nie. “Daar is nie een wat geregverdig is nie, selfs nie een wat verstandig is nie, daar is nie een wat na die wil van God vra nie” (Romeine 3:10-12)! Daarom is die veronderstelling en houding van die Fariseërs heeltemal verkeerd.

Psalm 32:1-5. Wie weier om sy sondes te bely, sal allerhande moeilikhede ervaar. Maar wie sy sondes bely, sal vergewing en seën ervaar.

Psalm 51:1-13,18-19. David bely sy sondes aan God. God vind vreugde in verootmoediging. Hy sal ’n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie.

Psalm 103:12. “So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af.”

Jesaja 38:17. “U het al my sondes vergewe (letterlik: agter u rug gegooi).”

Jesaja 43:25. “En tog is dit Ek wat jou opstandigheid vergewe. Ek dink nie meer aan jou sondes nie.”

Jesaja 44:22. “Ek het jou oortredinge, jou sondes uitgewis, hulle het verdwyn soos wolke, soos miswolke.”

Micha 7:18-19. “Wie is ’n God soos U? U vergewe sonde, ... Hy sal ons sonde tot niet maak, U sal al hulle sondes in die diepsee gooi.”

Samevattend: God is bly met 'n mens wat sy sondige natuur en swakhede erken, bely, wat 'n gebroke gees en 'n verbryselde hart het, wat vergewing vra en vergewing kry en hom in vergewing (geregtigheid) verbly.

C. 'N SAMEVATTING VAN DIE BELANGRIKSTE ONDERRIG EN LESSE IN DIE GELYKENISSE OOR NEDERIGHEID IN DIE KONINKRYK VAN GOD

(1) Hoe is God.

Alle mense en veral verlore mense moet weet hoe die God van die Bybel en Jesus Christus is. Uit die verband van die gelykenis leer ons dat Jesus Christus nederig is! Hy het omgegaan met mense uit die onbevoorregte klasse in die maatskappy. Hy was " 'n vriend van tollenaars en sondaars (Lukas 7:34). Maar Hy het nie mense uit die bevoorregte klasse soos die Fariseërs vermy nie. Van hulle was selfs sy vyande.

In Matteus 11:28-30 sê Jesus Christus, "Kom na My toe, almal uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig

Dit vra nederigheid om 'n realistiese beeld van jouself te hê, jou swakhede te erken en jou sondes te bely. Dit vra nederigheid om jou te erken dat jy uitgeput en oorlaai is onder die juk van 613 mensgemaakte godsdienstige wette. En dit vra nederigheid om al jou sondes en laste na Jesus Christus te bring.

Jy kry 'n realistiese beeld van jouself as:

- jy die Heilige Gees toelaat om jou te oortuig van die sondes in jou lewe en van wat reg in God se oë is (Johannes 16:8)
- jy telkens weer in die spieël van God se Woord na jouself kyk (Jakobus 1:22-25)
- jy ook in die spieël van God se Woord kyk na wie Jesus Christus is en van Hom leer wat nederigheid is (Matteus 11:29).

Uit die toepassing van die gelykenis leer ons dat God soewerein is. Hy weerstaan die hoogmoedige, maar gee genade aan die nederige (1 Petrus 5:5-6). Die mense wat baklei vir die voorste plekke in die lewe en ander met hulle elmoë wegstamp, sal in die teenwoordigheid van ander mense verneder word op die laaste oordeelsdag en gesifverlies ly.

Maar mense wat nederig bly ongeag watter posisie hulle beklee, wat nie gaan heers oor die mense wat aan hulle toevertrou is nie, maar hulle bly dien, sal verhoog word. Hulle sal ook bereid wees om op die agterste plekke aan te en ook die minste take (soos voete was) op hulle te neem. Op die laaste oordeelsdag sal hulle in die teenwoordigheid van God, alle engele en alle mens wat ooit geleef het, verhoog word.

(2) Hoe behoort Christene te wees.

Christene moet weet hoe hulle behoort te wees. Christene behoort nederige mense te wees. Hierdie gelykenis leer dat elkeen wat homself verhoog, verneder sal word en elkeen wat homself sal verneder, verhoog sal word." Nederigheid is één van die fundamentele kenmerke van die Koninkryk van God! Die ware burgers van God se koninkryk baklei nie om posisies van leierskap of die voorste plekke nie, maar ag die ander belangriker as hulself. Hulle doen wat daar in Filippense 2:3-4 staan, "Julle moet nie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander."

Prakties is jy nederig as:

- jy die ander belangriker ag as jouself
- jy oortuig is dat jy jouself alleen kan verneder in volledige afhanklikheid van God
- jy die sterk punte en deugde van die ander erken en waardeer
- jy die swak punte en foute van jouself erken en aanvaar
- jy aandagtig luister na die ander, hom ernstig neem en aanvaar
- en jy sy belange bevorder, veral die belange van die koninkryk van God in sy lewe.

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	-------------------------	---

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	---------------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die gelykenis van "die voorste plekke" en die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.

3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **Psalm 37, 38, 40 en 49**. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. **(9) Romeine 6:13**. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. **Romeine 6:1-11**.
Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.